

HOËRSKOOL OOS-MOOT

TAALBELEID
2024

INHOUDSOPGAWE

1.	TITEL VAN DIE BELEID		3
2.	INWERKINGTREDINGSDATUM		3
3.	DATUM VAN VOLGENDE HERSIENING		3
4.	HERSIENINGSGESKIEDENIS		3
5.	INLEIDING		3
6.	DOELSTELLING		3
7.	DEFINISIES EN AKRONIEME		4
8.	UITGANGSPUNT EN BASIS		5
9.	WETLIKE BEPALINGS		5
10.	BELEIDE EN PROVINSIALE SKRYWES		6
11.	AMPTELIKE TAAL BY HOËRSKOOL OOS-MOOT		6
	11.1	Taal van onderrig en leer	6
	11.2	In die klaskamer	7
	11.3	Tale van kommunikasie	8
	11.4	Taal en toelating	8
12.	ONDERSKRYWING VAN DIE BELEIDSDOKUMENT		9
13.	ROL EN PLIGTE		9
	13.1	Beheerliggaam	9
	13.2	Skoolbestuurspan	9
	13.3	Onderwysers	10
	13.4	Leerders	10
14.	GOEDKEURING		10

WYSIGINGSGESKIEDENIS

Aard van wysiging	**Datum goedgekeur**
Eerste goedkeuring	27 Augustus 2015
Hersiening (roetine)	1 Januarie 2017
Hersiening (roetine)	1 Januarie 2019
Hersiening (roetine)	11 November 2020
Hersiening	22 Julie 2024

1. TITEL VAN DIE BELEID

Die titel van hierdie dokument is *Die Taalbeleid van Hoërskool Oos-Moo*t.

2. INWERKINGTREDINGSDATUM

Die implementering van hierdie beleid sal effektief wees met die goedkeuring van die Hoof van die Departement (HOD).

3. DATUM VAN VOLGENDE HERSIENING

Hierdie beleid sal elke drie jaar hersien word of vroeër wanneer daar 'n verandering in relevante wetgewende raamwerk of operasionele vereistes is of op versoek van die Hoof van die Departement.

4. HERSIENINGSGESKIEDENIS

Sien wysigingsgeskiedenis

5. INLEIDING

Suid-Afrika is 'n land met 'n diversiteit van kulture en tale. Ter erkenning hiervan moet die klem van enige taalbeleid op die bevordering van veeltaligheid, die ontwikkeling van die amptelike tale en respek wees vir alle tale wat in die land gebruik word, insluitend Suid-Afrikaanse Gebaretaal en die tale waarna in die Suid-Afrikaanse Grondwet verwys word.

Hierdie beleid poog om ons diverse kulture en tale te beskerm en te bevorder en die regte van alle leerders, ouers en opvoeders te handhaaf, en hul aanvaarding van verantwoordelikheid te bevorder in die fasilitering van die onderliggende beginsels wat is:

- Die handhawing van die huistaal/tale terwyl toegang tot en die effektiewe verwerwing van addisionele taal/tale verskaf word, in ooreenstemming met die Departement se standpunt dat 'n bykomende benadering tot tweetaligheid gesien moet word as die normale oriëntasie van ons taal-in-onderwysbeleid.

- Geen vorm van rassediskriminasie mag toegepas word in die implementering van beleid soos bepaal in hierdie afdeling nie.

- 'n Erkende gebaretaal het die status van 'n amptelike taal vir doeleindes van leer by 'n openbare skool.

6. DOELSTELLING

Die doel van die taalbeleid is om:

6.1 volgens die beste belange van leerders van die skool in onderwysverband op te tree sonder om op enige wyse onbillik of onregverdig teen enige leerder te diskrimineer;

6.2 om veeltaligheid te bevorder by leerders wie se moedertaal nie die taal van onderrig is nie;

6.3 die taal waarop die beheerliggaam besluit het as amptelike onderrigtaal-Afrikaans, te bevorder as onderrig en leertaal.

7. DEFINISIES EN AKRONIEME

Term	Definition
Eerste Addisionele Taal	'n Alternatief of 'n addisionele taal tot Huistaal wat 'n leerder vir leer- en onderrigdoeleindes kan aanbied
Huistaal	'n Voorkeur- of eerste taal van keuse wat 'n leerder vir leer- en onderrigdoeleindes kan aanbied
Leerder	Enige persoon wat geregistreer is om onderwys by die skool te ontvang.
Skool	Verwys na Hoërskool Oos-Moot
Veeltaligheid	Die vermoë om verskeie tale te gebruik
Wet	Beteken die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet No.84 van 1996 soos gewysig

7.1 In hierdie dokument, tensy anders bepaal of uit die samehang anders blyk, het woorde en uitdrukkings dieselfde betekenis as in die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) en beteken:

- “skolewet” is die Suid Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996)
- “skool” die Hoërskool Oos-Moot;
- “beheerliggaam” die beheerliggaam van die skool soos voorsien in artikel 16 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996);
- “Grondwet” die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996);
- “skoolhoof” die prinsipaal van die skool soos bedoel in die Suid-Afrikaanse Skolewet, asook ‘n opvoeder by die skool wat met goedkeuring van die skoolhoof en die beheerliggaam namens die skool handel;
- “regulasies” die norme en standaarde vir taalbeleid in openbare skole en die bepalings van “taal-in-onderwys” soos deur die Minister van Onderwys in die Staatskoerant afgekondig;
- “taalbeleid” die taalbeleid in hierdie dokument vervat;
- “leerder” die kind wat onderrig ontvang by die skool;
- “veeltalig” die gebruik van meer as een taal;
- “moedertaal” die eerste taal van voorkeur.

7.2 Geen akronieme word in dokument gebruik nie.

8. UITGANGSPUNT EN BASIS

Die uitgangspunt en basis van die taalbeleid is dat volle uiting gegee moet word aan al die fundamentele regte ten opsigte van taal van leerders in onderwysverband soos in die algemeen erken in die Handves van Regte van hoofstuk 2 van die Grondwet en spesifiek vermeld in artikel 29(2) van die Grondwet.

Die taalbeleid:

8.1 is onderhewig aan die bepalings van die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996), en die Regulasies vir sover dit bindend op die skool is;

8.2 word so omskryf en uitgevoer dat dit met ander toepaslike en geldige regsbepalings oor taalgebruik in onderwys versoenbaar is;

8.3 sonder om die algemeenheid van artikel 2.1 te beperk, se uitgangspunt is om in die beste belange van die leerders van die skool in onderwysverband te staan en daar mag nie op enige wyse onbillik of onregverdig teen enige leerders gediskrimineer word nie;

8.4 mag deur die beheerliggaam van die skool in onderwysverband bepaal word na gelang van die Grondwet en ander toepaslike provinsiale wetgewing.

9. WETLIKE BEPALINGS

Die taalbeleid is onderhewig aan die bepalings van die Suid-Afrikaanse skolewet (Wet 84 van 1996) en die regulasies sover dit bindend op die skool is.
Die taalbeleid word so uitgelê dat dit met ander toepaslike en geldige regsbepalings oor taalgebruik in die onderwys versoenbaar is.

Sonder om die algemeenheid van artikel 2.1 te beperk, is dit die uitgangspunt van die taalbeleid dat dit die beste belange in onderwysverband van voornemende leerder en leerders wat reeds in die skool is, moet dien en dat daar nie op enige relevante grond onbillik of onregverdig teen enige leerders gediskrimineer mag word nie.

Verdere wetgewing wat van toepassing is, is:

- Grondwet van Suid-Afrika (Art 108 van 1996 gewysig)
- Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Art 27 van 1996)
- Gauteng Skole Onderwyswet (Art 6 van 1995 gewysig)

10. BELEIDE EN PROVINSIALE SKRYWES

10.1 Paragraaf 3(4)(m) van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Art 27 van 1996)

10.2 Paragraaf 6(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (Art 84 van 1996)

10.3 Skrywe 20 van 2009 – registrasie prosedure vir inskrywing vir die Nasionale Senior Sertifikaat Eksamen (Gr.10 tot 12)

11. AMPTELIKE TAAL BY HOËRSKOOL OOS-MOOT

Hoërskool Oos-Moot is 'n enkelmedium skool.

Die besluit rakende die amptelike taal en ander tale aangebied by die skool word deur die beheerliggaam van die skool, volgens alle wetlike aspekte, en wat prakties is, gemaak.

Die woord “prakties” neem die volgende in ag:

- Die demografie van die skool (skoolpopulasie).
- Die profiel van die leerders en hul taalvoorkeur.
- Die keuse van taal soos deur die beheerliggaam gemaak en die taalbeleid van die skool.
- Die hoeveelheid leerders wat verkies om in ‘n spesifieke taal onderrig te ontvang.
- Die hulpbronne wat die skool beskikbaar het om in ‘n spesifieke taal te onderrig.
- In die geval van 'n Sekondêre Skool sal 'n taal aangebied word waar daar minstens 35 leerders in graad 8 tot 12 is wat daarvoor versoek. In gevalle waar daar minder as 35 leerders is wat 'n taal in 'n gegewe graad versoek wat nie reeds deur 'n skool in 'n spesifieke skooldistrik aangebied word nie, sal die hoof van die provinsiale departement van onderwys bepaal hoe in die behoeftes van daardie leerders voorsien sal word.

11.1 Taal van onderrig en leer

- Die taal van onderrig en leer in Hoërskool Oos-Moot is Afrikaans behalwe in Engels Eerste Addisionele Taal waar Engels die taal van onderrig sal wees.

- Afrikaans is die huistaal van Hoërskool Oos-Moot. Engels is die keuse in terme van Eerste Addisionele Taal.
- Die skool bied nie 'n vreemde taal aan nie. In gevalle waar die skool vreemde tale aanbied, moet die tale gespesifiseer word.
- Waar moontlik sal alle tale billike tyd- en hulpbrontoewysing ontvang.
- Die skool sal graad 10- tot 12-leerders bystaan om die korrekte vak- en taalkeuses en -kombinasies te maak wat tot die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) lei.
- Die skool sal verseker dat vir die Nasionale Senior Sertifikaat ten minste twee amptelike tale aangebied word wat gekies is soos in die beleidsdokument bepaal. Die Nasionale Senior Sertifikaat - 'n kwalifikasie op vlak 4 op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) mits een van die amptelike tale as 'n tuistaal (bv. Afrikaans) aangebied word en 'n ander een óf Tuis- of Eerste Addisionele Taalvlak (Engels) en voorsien word dat een van die amptelike onderrigtale is. Let wel: Beide die tale wat gekies is, kan nie op Eerste Addisionele taalvlak wees nie.
- Die skool sal verseker dat leerders nie die volgende vak/taalkombinasies kies wat nie vir die Nasionale Senior Sertifikaat toegelaat word nie.
  - isiZulu, isiXhosa, SiSwati and isiNedebele;
  - Sepedi, Sesotho en Setswana; en
  - Dieselfde taal as tuis

  - Dieselfde taal as Huis- en Eerste en Tweede Addisionele Taal nie.

11.2 In die klaskamer

Dit is die plig van elke **onderwyser** om:

- 'n Positiewe leeromgewing te skep wat leerders sal aanmoedig om deel te neem aan praat, lees en skriftelike aktiwiteite.
- Die leerders se diverse kulturele ondervindings in betekenisvolle leer te integreer.
- 'n Verskeidenheid van onderwysmetodes en tegnieke te gebruik wat die verskillende leerstyle en vlakke van taalvaardigheid sal kan akkommodeer.

Dit is die **leerder s**e plig om:

- Alle tale soos vervat in die grondwet te respekteer.
- Daarna te streef om hul taalvaardigheid te ontwikkel.
- Mekaar te ondersteun in die ontwikkeling van taalvaardighede.

Die beleid soos vervat in punt 10.3 van hierdie dokument, sal van toepassing wees op senior fase (Graad 8-9) sowel as verdere onderrig en opleidingsfase (Graad 10-12).

11.3 Tale van kommunikasie

- Alle nuusbriewe, vergaderings en kommunikasie (verbaal en nie-verbaal) aan die ouers en instansies word in Afrikaans versprei, volgens die voorkeur-voertaal.
- Daaglikse afkondigings word in Afrikaans as voorkeur-voertaal gedoen.
- Die skool bevorder veeltaligheid deur leerders wie se moedertaal nie die taal van onderrig is nie, toe te laat om enige ander taal vrylik buite die onderrigsituasie te gebruik, solank dit nie die onderrigsituasie kompliseer nie.
- In die algemeen neem die beheerliggaam en elke fasiliteerder by die skool redelike stappe om leerders in te lig oor die belangrikheid van veeltaligheid en om die aanleer van respek vir ander tale te bevorder.
- Klasaanbiedings (en alle ander) word ingevolge voorskrifte in Afrikaans aangebied. Die vak Engels, as Eerste Addisionele Taal, word egter in Engels aangebied.
- Leerders ontvang alle leerstofmateriaal in die taal wat as hoofmedium van onderrig gekies is, doen sy werk in die taal, skryf eksamen in die taal en ontvang sy verslag in die taal.
- Algemene ouervergaderings sal aangespreek word in die tale soos aangedui in (8.1) en (8.2) en waar nodig kan 'n tolk gebruik word.
- Geen leerder sal gestraf word omdat hy/sy homself/haarself uitdruk in 'n taal wat nie die taal van leer en onderrig by die skool is nie.

11.4 Taal en toelating

- Hierdie taalbeleid word in samehang met die Toelatingsbeleid hanteer. Die nougesette nakoming van die aanvaarde beleid sal geskied in die beste opvoedkundige belang van die leerders wat moet kan baat vind by die opvoedende onderwys, voortvloeiend uit die implementering van die toelatingsbeleid.

- Taalvaardigheidstoetsing sal nie as 'n toelatingsvereiste by die skool gebruik word nie.
- ’n Ouer sal die minderjarige leerder se taalregte namens die minderjarige leerder uitoefen by aansoek om toelating tot die skool.
- In gevalle waar die skool die taal van leer en onderrig gebruik wat deur die ouer vir die leerder gekies is en waar daar plek beskikbaar is vir die leerder in die graad waarvoor aansoek gedoen word, sal die skool die leerder toelaat onderworpe aan die toelatingsvereistes.
- In gevalle waar die gewenste taal van leer en onderrig nie deur die skool aangebied word nie, kan 'n ouer besluit dat die leerder onderrig word in 'n taalmedium wat reeds deur die skool aangebied word, met dien verstande dat die leerder en ouer nie eis om onderrig te word in die verlangde onderrigtale na toelating nie. By aansoek om toelating word verwag dat taalkeuses gemaak sal word.

12. DIE ONDERSKRYWING VAN DIE BELEIDSDOKUMENT

Die onderskrywing van die beleidsdokument impliseer dat die beheerliggaam:

- ‘n Sentrale rol en daaglikse verantwoordelikheid het met betrekking tot die bestuur van die skool
- Die basiese regte, verpligtinge en verantwoordelikhede van al die belanghebbendes (staat, ouers, fasiliteerders, nie-opvoeders, leerders) interpreteer
- Beleid toepas soos vervat in die relevante omgewing
- Prosedure implementeer ten einde gesonde bestuursbeginsels, kwaliteit onderwys en ‘n gesonde, veilige omgewing daar te stel
- Deurlopend met alle belanghebbendes in kommunikasie te tree en hierdie beleidsdokument en die implikasies verstaan

13. ROL EN PLIGTE

13.1 Beheerliggaam

Die Beheerliggaam is verantwoordelik vir die ontwikkeling van die taalbeleid van die skool ten opsigte van die nodige wetlike raamwerk. Die beheerliggaam keur die beleid goed, pas dit toe en monitor die toepassing van die beleid van die skool.

13.2 Skoolbestuurspan

Die Skoolbestuurspan sien toe dat die beleid toegepas word. Die skoolbestuurspan rapporteer terug aan die Beheerliggaam ten opsigte van die implementering van die beleide en enige probleme wat ervaar word.

13.3 Onderwysers

Onderwysers sal die rol van fasiliteerders aanneem. Hulle sal leerders lei en aanmoedig om die wêreld van taal en kommunikasie self te ontdek.

Onderwysers sal daarna streef om ‘n geïntegreerde kommunikatiewe aanbieding te volg waar hul verskeie onderrigmetodes gebruik om leerders te inspireer. Hul moet leerders ook ondersteun in die ontwikkeling van kommunikasievaardighede.

Onderwysers sal die taal van onderrig en leer gebruik in die klaskamer, behalwe waar Engels Eerste Addisionele Taal aangebied word – hier sal Engels as die taal van onderrig en leer gebruik word.

13.4 Leerders

Leerders moet die multi-kulturele kultuur in Suid-Afrika raaksien en respekteer. Hul moet elke geleentheid aangryp om hul taalvaardighede in die taal van onderrig en leer te verbeter.

14. GOEDKEURING

Hierdie beleid is aanvaar en goedgekeur deur die Beheerliggaam van die Hoërskool Oos-Moot.

Aanbeveel deur: (Skoolhoof) (druknaam)		**Handtekening**	
Datum:			
Aanbeveel deur: (SBL-voorsitter) (Druknaam)		**Handtekening**	
Datum:			
Goedgekeur deur GDE: Departementshoof (druknaam)		**Handtekening**	
Datum van verifikasie			
Gesertifiseer deur:(Druknaam)		**Handtekening**	
Datum			